ENDOSSEMENT NO. 14

BY DIE

LEWENSVERSEKERINGSPOLIS

AANGEGAAN DEUR

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

(Polisnommer 19198687x6)

Hierdie endossement vervang die endossement met dieselfde nommer wat op 8 April 2019 deur Sanlam Lewensversekering Beperk geteken was.

Sanlam Lewensversekering Beperk (Registrasienr. 1998/021121/06) verklaar dat die Polis met ingang van 1 Maart 2019 soos volg gewysig word:

1. Die woordomskrywing van "**NORMALE AFTREE-OUDERDOM**" in Bylae 1 word deur die volgende vervang:

   "**NORMALE AFTREE-OUDERDOM** beteken die ouderdom van –

   (a) 60 jaar in die geval van 'n VERSEKERDE wat van 'n datum voor 1 Maart 2019 af 'n maandelikse inkomste ontvang ingevolge die voortgesette inkomsteversekering polis nommer 15674139x9 (wat nie die vervroegde uitbetaling van 'n sterftevoordeel behels nie) wat die WERKGEWER tot voordeel van sy WERKNEMERS aangegaan het; en

   (b) 65 jaar in die geval van enige ander VERSEKERDE."

2. Die woordomskrywing van "**ONGESKIKTHEIDSVERSEKERDE-BEDRAG**" in klousule 4.2 word deur die volgende vervang:

   "**ONGESKIKTHEIDSVERSEKERDE-BEDRAG** met betrekking tot 'n VERSEKERDE beteken 'n bedrag gelyk aan drie maal die VERSEKERDE se jaarlikse BESOLDIGINGSBEDRAG. Indien die VERSEKERDE egter binne die 60 MAANDE voor die VOORDEELSTAKINGSDATUM TOTAAL EN PERMANENT ONGESKIK raak, is die **ONGESKIKTHEIDSVERSEKERDE-BEDRAG** gelyk aan die bedrag soos omskryf, vermenigvuldig met t/60, waar t die tydperk, uitgedruk in MAANDE, vanaf die die begin van TOTALE EN PERMANENTE ONGESKIKTHEID tot by die VOORDEELSTAKINGSDATUM is; 'n gedeelte van 'n MAAND word as 'n volle MAAND gereken."

3. Die woordomskrywing van “**VOORDEELSTAKINGSDATUM**” in klousule 4.2 word deur die volgende vervang:

   “**VOORDEELSTAKINGSDATUM** met betrekking tot 'n VERSEKERDE beteken die dag waarop hy/sy die NORMALE AFTREE-OUDERDOM bereik.”

4. Bylae 5 is geskrap.

5. Bylae 7 is geskrap.

Onderteken namens Sanlam Lewensversekering Beperk te Bellville op 9 April 2019.

.....

5006/P1760/NG